HOOFSTUK 6

DIE VOORSIENING VAN VOORTGESETTE ONDERWYS AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS MET INAGNEMING VAN SY BESONDERE AARD EN KARAKTER, VOEDINGSGEBIED EN KUNDIGHEID

6.1 INLEIDENDE OORSIG: DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE PU VIR CHO

Ten einde die eie aard en taak van die PU vir CHO na waarde te kan begryp is dit nodig om vir die doel van hierdie navorsing die volgende kursoriese,chronologiese oorsig oor die ontstaan en groei van dié universiteit te gee:

* In 1862 bespreek die Gereformeederde Sinode die moontlikheid van die oprigting van 'n eie Teologiese Skool vir dié Kerk. Die gemeente Burgersdorp is bereid om hul predikant, ds. Postma, vir onderrig af te staan (Jooste, 1957:1; vergelyk ook PU vir CHO, 1985:5).

* Die Sinode besluit in 1869 om tot die stigting van die Teologiese Skool op Burgersdorp oor te gaan en die Teologiese Skool open met 5 studente en 2 dosente (Jooste, 1957:8).
  Die Teologiese Skool was van die begin af nie slegs op die voorbereiding van predikante gerig nie, maar ook op *wetenskaplike vorming oor 'n breër terrein.* Benewens predikante is ook onderwysers opgelei. Voorts was die meeste studente nie gematrikuleerd nie en moes hulle voorbereidende onderrig ontvang voordat hulle met die teologiese studie 'n aanvang kon maak. Vakke soos Hollandse taal en styl, Wiskunde en Algemene Geskiedenis is aangebied (Du Plessis, 1975:1; vergelyk ook Van der Vyver, 1969:24 en Jooste, 1957:1).

* In 1876 besluit die Sinode om die Teologiese Skool in twee afdelings te verdeel, naamlik 'n teologiese en 'n literariese afdeling en elkeen onder beheer van 'n professor. *Hierdie is 'n verdere stap in die rigting van 'n inrigting vir hoër onderwys* (Du Plessis, 1984:12; vergelyk ook Van der Vyver, 1969:133).

* Vanweë die snelle uitbreiding van die Teologiese Skool besluit die Sinode in 1904 om die inrigting na Potchefstroom oor te plaas, nadat Middelburg (Kaap), Steynsburg en Pretoria ook vroeër oorweeg is. Vanweë die feit dat daar reeds 'n *Christelijk Gymnasium* in Pretoria was en moontlike wedywering tussen dié *Gymnasium* en die *Literariese Departement van die Teologiese Skool* verhoed wou word, is Pretoria as moontlike toekomstige setel van die Teologiese Skool uitgeskakel. Daar moes eventueel tussen Steynsburg en Potchefstroom besluit word, en die keuse het op laasgenoemde geval. Benewens die sentrale ligging van Potchefstroom het daar ook vanuit dié oord belangrike aanbiedinge van grond vir die Teologiese Skool gekom, byvoorbeeld van die plaaslike Gereformeerde Gemeente, die dorpsraad en die Landbousindikaat (Jooste, 1957:18-23; Du Plessis, 1975:1-2).

* Teen 1913 was dit vir die Kuratore van die Gereformeerde Kerk duidelik dat die Kerk as gevolg van die uitbreiding van sy werksaamhede nie meer alleen in staat was om die las van die Literariese Departement te dra nie. Die Kuratore adviseer die Sinode derhalwe om te poog om subsidie van die staat te verkry op voorwaarde egter "... dat ons beginselen en vrijheid van bestuur gehandhaaf blijven." Dit is die eerste keer dat "ons beginsel" spesifiek ter sprake kom (Du Plessis, 1984:12).

* In 1919 word die Teologiese Skool en die Literariese Departement geskei en laasgenoemde begin staatsubsidie ontvang onder die naam *Het Potchefstroomse Universiteitskollege voor Christelijk Hooger Onderwijs* (PU vir CHO, 1979:1; vergelyk ook Du Plessis, 1975:6 en Du Plessis, 1984:13).

* Die Sinode moes in 1920 noodgedwonge ten gunste van inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika besluit. Die private wetsontwerp waarvolgens die inkorporasie moes geskied, het in die parlement aansienlike teenstand ondervind en is slegs aanvaar nadat die "van" van die PUK, naamlik "vir Christelike Hoër Onderwys," in die slag gebly het (Du Plessis, 1975:20-21; vergelyk ook Van der Vyver, 1969:202 en Du Plessis, 1984:13). Verskeie vrugtelose pogings is hierna aangewend om die naam van die PUK weer in volle eer te herstel (vergelyk Du Plessis, 1975:21).

* In 1933 het die Raad van die PUK 'n deel van sy strewe verwesenlik toe wetgewing deur die parlement aanvaar is en die oorspronklike naam van die PUK, dit wil sê met "Christelike Hoër Onderwys" daar= by, herstel is. Dit was inderdaad 'n oorwinning in die stryd vir Christelike onderwys deurdat nou van owerheidsweë erken is dat die Kollege op 'n Christelike grondslag staan (Du Plessis, 1975:59; vergelyk ook Du Plessis, 1984:15 en PU vir CHO, 1985(a):6).

* Nadat dit vir 30 jaar as universiteitskollege by die Universiteit van Suid-Afrika ingeskakel was, het die PUK in 1951 'n selfstandige universiteit geword nadat wetgewing in 1950 in dié verband deur die parlement aanvaar is, naamlik wet 19 van 1950 - die Privaatwet van die PU vir CHO (Du Plessis, 1975:74; vergelyk ook Van der Vyver, 1969:227-229 en Du Plessis, 1984:15).

* Toe die Teologiese Skool met sy Literariese Departement in 1919 na al die jare van voorbereiding van studente vir die eksamens van ander universiteite staatshulp gesoek het, was sy eerste groot struikelblok die Gemeenskaplike Universiteitswet van 1916 met sy sogenaamde *gewetensklousule* wat alle staatsondersteunde univer= siteite en kolleges verbied het om na die belydenis van sy dosente te vra.

  In 1951 met selfstandigwording is die PU vir CHO onder die gewetens= klousule uitgelig en deur die staat ondersteun (Bingle, 1969(a):14; vergelyk ook PU for CHE, 1975:2).

* In 1966 het die *Vaaldriehoekkampus* van die PU vir CHO as 'n antwoord op die versoek van leiers op talle terreine in die Vaaldriehoek, tot stand gekom (PU vir CHO, 1985(a):6).

6.2 DIE BEGINSEL, EIE AARD EN KARAKTER VAN DIE PU VIR CHO

Die drie "hoekstene" van die *belydenis* van die PU vir CHO naamlik,

* *Enkel die Skrif (Sola Scriptura);*
* *Enkel Genade (Sola Gratia)* en
* *Aan God alleen die eer (Soli Deo Gloria),*

het 'n "... ontsaglike ryke betekenis" vir hoër onderwys in al sy fasette (Bingle, 1969(a):16-17). Hierop berus die opvatting van die PU vir CHO oor die *wese van die universiteit* in die algemeen, as inrigting vir wetenskaps=

beoefening, opvoeding en professionele toerusting. Voorts, in die besonder, het die PU vir CHO 'n *eie karakter* wat hom nie van buite opgelê mag word nie, maar wat uit sy wese na vore gebring word, en deur diegene wat wesensbelang by die PU vir CHO het, verder gedra en uitgeleef word (Bingle, 1969(a):17; vergelyk ook Coetzee, 1959:4-5).

Dié universiteit se vryheid vind sy hoogste kwalifikasie in die diepste gebondenheid aan die Wet van God. Die *roeping* van dié universiteit is *diensbaarheid aan God* en mens uit genade. Hierdie diensbaarheid toon die PU vir CHO in sy wetenskapsbeoefening, dit wil sê in sowel die sistematisering en toepassing van die bestaande kennis as in die blootlegging van nuwe kennis deur navorsing ter volbrenging van die kultuuropdrag aan die mens. Hierdie diensbaarheid is ook geleë in die beoefening van die wetenskap in die lig van die Woord van God en die bestudering van die Woord van God in die lig van die wetenskap, en in sy "... ontwikkeling en vorming van mense van God vir elke goeie werk volkome toegerus." Trouens, diensbaarheid is geleë in al die verbande waarin die universiteit staan (Bingle, 1969(a):17; vergelyk ook Coetzee, 1959:3-4 en PU for CHE, 1975:2).

Die belydenis van die PU vir CHO beheers die totaliteit van die universiteit: daar is geen enkele faset daarvan wat nie onder leiding van sy beginsel staan nie. Om hierdie standpunt te illustreer word na artikel 31(1) van die Universiteitswet (Wet 19 van 1950)(kyk ook paragraaf 6.1) verwys. In dié artikel word die Raad van die universiteit opgedra om die *"Christelik-historiese karakter"* van die universiteit te handhaaf. Prakties kom dit daarop neer dat die Christelike leer en lewe tot openbaring kom in letterlik al die werk van die universiteit en in al sy verbande (Bingle, 1969(a):18. Ten eerste word in die wetenskapsbeoefening, deur onderrig en navorsing, die beginsel "... prakties van oomblik tot oomblik beleef waar die geleentheid hom voordoen" (Bingle, 1969(a):18). Dit gebeur in elke departement, en ook nie net sporadies nie, maar deurlopend en "... met opset omdat vir die gewetenseis die hoogste diensbaarheid hierin geleë is" (Bingle, 1969(a):18; vergelyk ook Coetzee, 1959:4; Du Plessis, 1975:75; Van der Walt, 1981:18).

Die gees en karakter van die PU vir CHO was nog nooit "... dié van 'n kleurlose neutraliteit, 'n klinies onpersoonlike objektiwiteit nie" (Van der Walt,T, 1978:1). Die gees en karakter van die PU vir CHO is *"onvoorwaardelik Christelik, onbeskaamd Afrikaans - 'n akademiese diensgemeenskap met durf vir die toekoms"* (Van der Walt, T, 1978:1).

Die *onvoorwaardelik Christelike*-karakter van die PU vir CHO word uitgeleef met die wete: God is Koning oor alle terreine van die lewe en alles staan onder die heerskappy van die Here. *"In U Lig sien ons die lig"* geld ook vir die wetenskap, dosente- en studenteverhoudinge, die samelewing van verskillende volkere, die politiek, die ekonomie, die kuns en kultuur (Van der Walt, 1981:18-19; vergelyk ook PU for CHE, 1975:3).

Van Der Walt vat die onvoorwaardelik Christelike karakter van die PU vir CHO treffend saam as hy dit stel dat "... as iets nie die toets van die Bybel kan weerstaan nie, het dit nie bestaansreg aan die PU vir CHO nie" (Van der Walt, 1981, 19).

Die *onbeskaamd Afrikaanse karakter* van die PU vir CHO is ten nouste verweef met die onvoorwaardelik Christelike karakter. "Ons Christelike karakter moet steeds ons Afrikanerskap suiwer, sensor, louter - maar ook versterk, verinnig en verruim" (Van der Walt, 1981:5).

Die PU vir CHO is 'n *akademiese diensgemeenskap* wat deur navorsing, kennisontginning, -versameling en -bewaring, diens lewer. Voorts word diens deur kennisoordrag gelewer, dit wil sê die opleiding van studente om eventueel self wetenskaplik werksaam te kan wees. Diens word na buite gelewer deurdat studente vir die maatskappy gelewer word. Diens word egter ook na buite gelewer deur die navorsing van die universiteit (Van der Walt, 1981:7).

In die navorsing, opleiding, opvoeding en gemeenskapsdiens van die PU vir CHO moet die akademiese karakter van die diensgemeenskap bo alle twyfel gehandhaaf bly. "Daarvoor is die unieke eie-aard van enige universiteit te kosbaar. Hoeveel te meer nog in ons geval waar dit ons voorreg is om op die basis van Christelike wetenskapsbeoefening deur 'n Christelike gemeenskap Christelike diens na binne en na buite te lewer" (Van der Walt, 1981:7).

6.3 DIE TAAK EN ROEPING VAN DIE PU VIR CHO

Die taak van 'n Christelike universiteit soos die PU vir CHO is daarin geleë dat nie bloot wetenskaplikes aan die gemeenskap gelewer moet word nie, maar *wel-opgevoede wetenskaplikes* - "In U Lig"*-opgevoede wetenskaplikes (Coetzee, 1959:15; vergelyk ook PU for CHE, 1975:3 en Coetzee, 1983:4).

Studente moet nie slegs in teorie hoor wat 'n Christelike wetenskap is nie, maar moet ook die praktiese implikasies van "In U Lig" in elke vak ervaar en beleef (Van der Walt, 1981:18; vergelyk ook PU for CHE, 1975:5).

Christelike Hoër Onderwys is nie net kennis oordra, vaardighede aanleer en tegnieke bybring nie. Inteendeel, dit is ook "... skerp, kritiese denke, geestelike weerbaarheid en eietydse roepingsvervulling" (PU vir CHO, 1982(b):3; vergelyk ook Coetzee, 1983:1).

Universiteite is by uitstek toekomsgerig omdat studente toegerus word "... om die uitdagings van môre die hoof te bied." Voorts reik universiteite steeds na nuwe ontdekkings in die wetenskaplike navorsing en "... hulle streef na 'n beter wêreld van vrede en begrip vir komende geslagte." 'n Christelike universiteit soos die PU vir CHO is *by uitnemendheid toekomsgerig,* want "... ons hoop op God se wêreld van môre, en in die geloof is ons met blymoedigheid daarheen op weg" (PU vir CHO, 1985(a):2).

Ewenas ander universiteite (kyk paragraaf 3.3.2) is die *taak van die PU vir CHO onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens.* Die verskil tussen dié taak van PU vir CHO en dié van ander universiteite is egter dat steeds, en in alles, die PU vir CHO sy taak *"In U Lig"* uitvoer (kyk ook paragraaf 6.2).

---

* *"In U Lig":* die leuse van die PU vir CHO is ontleen uit Psalm 36:10 "... in U Lig sien ons die lig" (1933 - Bybelvertaling).

6.4 DIE BESONDERE KUNDIGHEDE VAN DIE PU VIR CHO (ook ten opsigte van die voorsiening van voortgesette onderwys)(kyk paragrawe 6.5.7.2 en 6.5.9)

6.4.1 Inleiding

Daar is in die voorafgaande paragraaf 'n oorsig van die beginsel, eie aard en karakter van die PU vir CHO gegee, en daarop gewys dat die roeping van dié universiteit in diensbaarheid aan God geleë is, en dat die primêre taak van die PU vir CHO soos ander universiteite onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens is (kyk paragraaf 6.3), maar steeds in die Lig van die Woord van God. Vervolgens sal die besondere kundighede van die PU vir CHO soos dit enersyds uit sy akademiese toerusting en andersyds uit sy eie en besondere aard, karakter en taak spreek, in oënskou geneem word.

6.4.2 Akademiese kundighede

Die PU vir CHO beskik oor 8 fakulteite naamlik:

* Lettere en Wysbegeerte.
* Natuurwetenskappe.
* Teologie.
* Opvoedkunde.
* Ekonomiese Wetenskappe.
* Regte.
* Ingenieurswese.
* Farmasie.

Binne die fakulteite funksioneer meer as 80 akademiese departemente. Benewens hierdie departemente wat vir formele onderrig en navorsing, aan sowel die hoofkampus as die Vaaldriehoekkampus, asook vir voortgesette onderwys van afgestudeerde professiebeoefenaars verantwoordelik is (byvoorbeeld: onderwysers, regsgeleerdes, aptekers, verpleegkundiges en ingenieurs), word navorsing en opleiding, en ook voortgesette onderwys in sommige gevalle, deur onder meer die volgende buro's, sentrums en institute onderneem (kyk ook paragraaf 6.5.9):

* Instituut vir Reformatoriese Studies.
* Buro vir Landbou-ontwikkeling.
* Instituut vir Bodemkunde.
* Nagraadse Skool vir Bestuurswese.
* Suid-Afrikaanse Instituut vir Koöperasiewese.
* Adviesburo vir Kleinsakeondernemings.
* Instituut vir Bestuursontwikkeling.
* Buro vir Boedelbeplanning.
* Instituut vir die Plaaslike Pers in Suid-Afrika (PU vir CHO, 1985(b):16-44).

6.4.3 Eiesoortige kundighede

Benewens die besondere akademiese kundighede van die PU vir CHO wat in paragraaf 6.4.2 vermeld is, spreek verdere *eiesoortige kundighede* ook voorts uit die universiteit se eie en besondere aard, karakter en taak van Christelike wetenskapsbeoefening, onderriggewing en gemeenskapsdiens (kyk paragrawe 6.2 en 6.3),byvoorbeeld:

* dit bied aan die studente toerusting vir volle Koninkryksdiens en het primêr *"In U Lig-opgevoede wetenskaplikes"* ten doel (kyk paragraaf 6.3);
* terwyl sommige van die ander ouer Afrikaanse universiteite op een of ander stadium 'n stryd teen verengelsing gevoer het, is die PU vir CHO sedert sy vestiging nog steeds 'n Afrikaanse universiteit, primêr vir opleiding in Afrikaans en "vir die onbeskaamde uit= dra van ons Afrikanerskap" (kyk paragraaf 6.2);
* die universiteit se Christelike boodskap kan ook aan sy afgestu= deerdes oorgedra word, byvoorbeeld deur voortgesette onderwys op 'n Christelik-nasionale grondslag (kyk paragraaf 6.5.3);
* vanweë sy Christelike roeping om Christelike onderwysers op te lei, kan Christelike onderwys aan die breë gemeenskap voorsien word;
* benewens die opleiding van Afrikaanse professiebeoefenaars van die toekoms, word die Afrikaanse kultuur ook uitgebou;
* ofskoon dit 'n plattelandse universiteit is, kan deur middel van die Vaaldriehoekkampus ook diens aan die nywerheid, industrie en half-stedelike gemeenskap gelewer word.

6.5 DIE VOORSIENING VAN VOORTGESETTE ONDERWYS AAN DIE PU VIR CHO

6.5.1 Inleidende oorsig: die instelling van die Buro vir Voortgesette Onderwys

Op 21 April 1977 aanvaar die Konvokasie van die universiteit 'n mosie dat ondersoek ingestel word na die aanbieding van "voortgesette onderrig=geleenthede" waarby oud-studente van die universiteit, maar ook die algeme=ne publiek betrek kan word (PU vir CHO, 1977(b):paragraaf 5.2).

Na aanleiding van dié mosie besluit die Uitvoerende Komitee van die uni=versiteit op 3 Junie 1977 om dit aan die Departement Ontwikkeling op te dra om die hele aangeleentheid van voortgesette onderwys "... in studie te neem ...," en aan die Uitvoerende Komitee in dié verband verslag te doen. Daar moes veral aandag gegee word aan die behoefte aan sodanige onderwys en die posisie daarvan aan ander universiteite (PU vir CHO, 1977(a): artikel 20).

Op 31 Augustus 1977 lê die Departement Ontwikkeling sy verslag voor en wys daarop dat:

* aan Suid-Afrikaanse universiteite die stelsel van voortgesette onderwys aan die Universiteit van Kaapstad die verste gevorder is, en wel hoofsaaklik as gevolg van die stedelike ligging van dié universiteit;
* pogings en bydraes van die PU vir CHO in dié verband sporadies was en baie selde in ooreenstemming met die oogmerke wat ander universiteite met voortgesette onderwys gehad het;
* die PU vir CHO 'n baie belangrike bydrae op hierdie terrein te lewer het en wel veral wat die uitdra van "... die universiteit se karakter en beginsel betref, en gegrond daarop ook rigting=gewing oor sake van aktuele belang in die huidige tydsgewrig (PU vir CHO, 1977:1-4) (daar is dus reeds lank voor die instel=ling van 'n Buro vir Voortgesette Onderwys verwys na die feit dat die universiteit in die lig van sy *eie aard* 'n taak ten op=sigte van die voorsiening van voortgesette onderwys het - JBE).

Na aanleiding van hierdie verslag vergader 'n *Senaatskomitee vir Voortgesette Onderwys* vir die eerste keer op 29 Mei 1978 en word besluit dat voortgesette onderwys aan die PU vir CHO aangebied behoort te word na aanleiding van 'n versoek van die Komitee van Universiteitshoofde te dien effekte aan alle universiteite. Dit word voorts besluit dat by wyse van 'n vraelys aan alle akademiese departemente vasgestel moet word in welke mate die uitbouing van 'n "... program van voortgesette onderwys" deur die departemente gesteun sal word (PU vir CHO, 1978:paragraaf 4).

Nadat die Senaatskomitee vir Voortgesette Onderwys op 22 Augustus 1978 'n "Tweede Verslag" aan die Senaat voorgelê het word op 11 Oktober 1978 'n *konsepreglement* vir 'n *Buro vir Voortgesette Onderwys* deur die Senaatskomitee goedgekeur (PU vir CHO, 1978(a):paragraaf 3). Uit die "Tweede Verslag" blyk onder meer dat:

* die aanbieding van voortgesette onderwys 'n *basiese taak* van die Universiteit is en dat die PU vir CHO "... uit pas sou wees as hy nie ook tot dié gebied toetree nie";
* die peil van voortgesette onderwysaanbiedinge op universiteitsvlak gehou moet word;
* die stimulering en organisasie van voortgesette onderwys moet op gesentraliseerde basis geskied en dat 'n *afsonderlike Buro vir Voortgesette Onderwys derhalwe geskep moet word* (PU vir CHO, 1978(a):1).

In die "Tweede Verslag" word voorts aanbeveel dat voortgesette onderwys verskaf moet word aan:

* gegradueerdes en gediplomeerdes ten opsigte van ontwikkelings "... in die wetenskap en die beroep";
* persone in die beroepslewe ten opsigte van die wetenskappe en beroepsontwikkeling in die wetenskap in soverre dit hulle raak;
* aangesien die universiteit hierbenewens ook 'n diensfunksie ten opsigte van algemeen-geestelike vorming "... en kulturele verheffing ..." van die gemeenskap het, hy ook volgens behoefte en vermoë kursusse op universiteitsvlak vir die algemene publiek behoort aan te bied (PU vir CHO, 1978(a):2).

Hierdie "Tweede Verslag" is op 16 November 1978 deur die Raad van die universiteit aanvaar, en die instelling van 'n Buro vir Voortgesette Onderwys en die aanstelling van 'n direkteur (op professorale vlak) is goedgekeur. Die Buro sou administratief voorlopig by die Departement Ontwikkeling ingeskakel wees (PU vir CHO, 1978(b):1). Dié inskakeling is op 29 November 1979 deur die Raad opgehef en die Buro sou daarna onafhanklik as 'n outonome afdeling van die universiteit funksioneer (PU vir CHO, 1979:artikel 26.3).

Op 8 Maart 1979 word voorlopige kantoorruimte aan die nuwe Buro vir Voortgesette Onderwys toegesê (PU vir CHO, 1979(a):1).

Gedurende Augustus 1979 is die eerste *Advieskomitee vir beheer oor die Buro vir Voortgesette Onderwys* soos volg saamgestel: 1 lid deur die Universiteitsraad aangewys; 3 lede deur die Senaat aangewys; die Direkteur van Ontwikkeling van die Universiteit of sy gevolmagtigde; 1 lid van die Konvokasie en die Direkteur van die Buro vir Voortgesette Onderwys (PU vir CHO, 1979(b):2).

Op 4 Oktober 1979 vergader die Advieskomitee vir die Buro vir Voortgesette Onderwys vir die eerste keer, word 'n Voorsitter verkies (prof. J.S. du Plessis, voormalige Vise-Rektor), en word die *breë doelstelling* van die Buro soos volg gestel:

* "... om aan alle lede van die sektore van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding wat deur die universiteit bedien word, die geleentheid te bied om:
  - gebruik te maak van die kennis en vaardighede van die universiteit se akademiese kennis en personeel;
  - kennis te maak met die denkpatrone van die universiteit;
  - besieling te put uit die Christelike beginsel van die universiteit wat aan alle kursusse en aktiwiteite ten grondslag sal lê;
  - van tyd tot tyd hulle professionele vaardighede en kennis op te knap;
  - saam met wetenskaplikes van die universiteit te besin oor die oplossing van wesenlike probleme van ons tyd;

- vir hulle eie intellektuele en kulturele verryking kennis te maak met nuwe terreine van die wetenskap;
- deur kontak met belangstellende en denkende geesgenote hulleself op te skerp om by te dra tot die oplossing van die probleme van ons tyd" (PU vir CHO, 1979(b):1).

(Dit is dus duidelik dat die steeds geldende doel met voortgesette onderwys (kyk paragraaf 6.5.3) hieruit voortgevloei het - JBE).

Dit is as taak aan die Buro gestel om hulp te verleen met behoeftebepaling aan voortgesette onderwysgeleenthede, die peiling en beoordeling van dienste wat die universiteit kan lewer, die uitdra en bemarking van projekte, die beplanning en organisasie van individuele projekte en om op beperkte skaal sekretariële en administratiewe hulp te verleen (PU vir CHO, 1979(b):2). (Dit word nie vermeld dat die Buro, benewens om as "makelaar"* vir kursusse wat deur departemente en ander instansies gereël word, op te tree nie, ook kursusse kan/behoort te inisieer nie - JBE).

'n Verdere aspek wat tydens dié vergadering gestel is (en wat steeds geldig is - JBE) is die feit dat die "landelike karakter van Potchefstroom" sekere beperkinge op die bywoning en ondersteuning van voortgesette onderwysprojekte plaas. Aldus sal daar selde of ooit vir voortgesette onderwysprojekte in Potchefstroom die groot openbare steun wees wat wel die geval in stede is. Daarom is dit in die vooruitsig gestel dat kursusse in *ander sentra* aangebied, of herhaal, kan word indien dit oorspronklik op die hoofkampus aangebied is (PU vir CHO, 1979(b):3).

Die Buro vir Voortgesette Onderwys het tot 31 Desember 1983 volgens die konsepreglement wat op 11 Oktober 1978 (PU vir CHO, 1978:1) deur die Senaatskomitee goedgekeur is, begin funksioneer. Vanaf 1 Januarie 1984 funksioneer die Buro volgens 'n *finale reglement* (kyk paragraaf 6.5.6).

---

* Met "makelaar" word hier bedoel dat die betrokke voortgesette onderwyskursus deur 'n departement geïnisieer word en dat die Buro die administratiewe funksies verrig.

6.5.2 Die doel met voortgesette onderwys aan die PU vir CHO

Die doel met voortgesette onderwys word soos volg in die reglement van die Buro gestel:

"... om aan die volgende *naskoolse persone* 'n kombinasie van kennis, vaar= dighede en begrippe oor te dra:

- beroeps- of professionele persone en -instansies ten opsigte van die wetenskap en tegniek op hulle beroeps- of professionele gebied;
- lede van die breëre gemeenskap ten opsigte van hulle algemene, kultu= rele vorming" (PU vir CHO, 1983(b):1).

6.5.3 Die grondslag van die Buro vir Voortgesette Onderwys

Die Christelik-nasionale karakter van die PU vir CHO word in die werksaam= hede van die Buro weerspieël (PU vir CHO, 1984(b):1).

6.5.4 Taakstelling van die Buro

Die taak van die Buro word soos volg in die reglement van die Buro omskryf:

* om die behoefte aan voortgesette onderwys by professiebeoefenaars en die algemene publiek te peil en te bepaal of die universiteit in staat is om in die behoefte te voorsien;
* om projekte in voortgesette onderwys te organiseer, administreer, keur en koördineer;
* om die Raad en Senaat oor beleidsake in verband met voortgesette onderwys te adviseer en om die beleid in sake voortgesette onder= wys soos dit van tyd tot tyd deur die Raad en Senaat neergelê word, uit te voer;
* om 'n "register" van alle voortgesette onderwysaktiwiteite wat deur die universiteit aangebied word by te hou en as inligtings= punt oor sodanige aktiwiteite te dien (kyk ook paragraaf 6.5.7), en
* om navorsing oor alle aspekte van voortgesette onderwys te onder= neem (PU vir CHO, 1983(b):2; vergelyk ook PU vir CHO, 1982(a): c1).

6.5.5 Struktuur en beheer van die Buro vir Voortgesette Onderwys

6.5.5.1 Reglement en beheerraad

Die Buro funksioneer volgens 'n reglement (kyk paragraaf 6.5.1) en word beheer deur 'n beheerraad wat soos volg saamgestel is: 'n voorsitter wat deur die Rektor vir drie jaar benoem word; drie lede deur die Senaat aangewys; die Direkteur van Openbare Betrekkinge van die Universiteit; 'n verteenwoordiger van die Vaaldriehoekkampus; die Direkteur van Biblio= teekdienste van die Universiteit; 'n verteenwoordiger van elke fakulteit; 'n lid van die Konvokasie van die universiteit; die Direkteur van Finansies van die universiteit (of sy verteenwoordiger) en die Direkteur van die Buro vir Voortgesette Onderwys (ampshalwe as sekretaris van die Beheerraad) (PU vir CHO, 1983(b):2).

6.5.5.2 Fakulteitskomitees vir voortgesette onderwys

In elke fakulteit bestaan 'n fakulteitskomitee vir voortgesette onderwys met die Dekaan (of sy verteenwoordiger) as voorsitter, lede deur die fakulteitsraad aangewys en die Direkteur van die Buro as gekoöpteerde lid (PU vir CHO, 1983(b):3).

6.5.5.3 Personeel van die Buro vir Voortgesette Onderwys

Die personeel van die Buro bestaan uit 'n direkteur op professorale vlak en lid van die Senaat van die universiteit, en permanente en tydelike administratiewe personeel (PU vir CHO, 1983(b):3).

6.5.6 Die finansiering van voortgesette onderwys

6.5.6.1 Personeel en ander lopende uitgawes

Die personeel van die Buro vir Voortgesette Onderwys word deur die univer= siteit bekostig en lopende uitgawes word uit kursusgelde, borgskappe en "... ander bronne" gedek (PU vir CHO, 1979(b):2).

6.5.6.2 Voortgesette onderwysprogramme

Die totale aanbieding van voortgesette onderwysprogramme aan die univer= siteit is selfonderhoudend met die volgende bronne van inkomste:

* kursusgelde;
* borgskappe;
* buro-fondse vir verdienstelike gevalle waar geen ander bron beskikbaar is nie.

Die Buro vir Voortgesette Onderwys verkry sy fondse vir die uitvoering van sy verantwoordelikhede soos volg:

* kursusgelde;
* borgskappe;
* van departemente, buro's en institute vir dienste deur die Buro gelewer (PU vir CHO, 1983(b):5-6).

6.5.7 Voortgesette onderwyskursusse onder beskerming van die Buro vir Voortgesette Onderwys aangebied

6.5.7.1 Inleiding

Dat die PU vir CHO netsoos ander universiteite 'n taak het om voortgesette onderwyskursusse oor 'n wye spektrum (kyk paragraaf 1.1) te voorsien, is reeds in 1977 besef (kyk paragraaf 6.5.1) en dit het eventueel tot die instelling van die Buro vir Voortgesette Onderwys gelei.

Heel van die begin af is met die aanbieding van voortgesette onderwys ten doel gestel om binne die gangbare omskrywing van voortgesette onderwys (kyk paragraaf 2.2) vir alle lede van die gemeenskap, dit wil sê vanaf die professiebeoefenaar tot die lid van die publiek wat 'n ad hoc-behoefte aan kennisvermeerdering het, voorsiening te maak.

Die motiewe waarom volwassenes aan voortgesette onderwysprogramme deelneem (kyk paragraaf 2.5) is ook geldend vir die voortgesette onderwyskursusse wat deur die PU vir CHO aangebied word. By die samestelling van kursusse moet ook rekening gehou word met dié motiewe.

As gevolg van die feit dat die PU vir CHO in 'n relatiewe plattelandse en Afrikaanse gemeenskap geleë is (die gemeenskap van die Vaaldriehoek= kampus uitgesluit), is dit so dat die aard van die voortgesette onderwys= kursusse sal verskil van dié wat in 'n stedelike gemeenskap aangebied kan word. Voorts is die aantal persone wat aan voortgesette onderwyskur= susse deelneem ook veel minder as dié by stedelike universiteite (kyk byvoorbeeld paragrawe 5.3 en 6.5.1). Die doel met voortgesette onderwys aan die PU vir CHO word egter nie deur getalle beïnvloed nie. Voorts moet die voortgesette onderwyskursusse steeds aan die eie aard, karakter en opdrag van die PU vir CHO (kyk paragraaf 6.3) voldoen, en ook aan die aspekte van 'n stelsel van voortgesette onderwys (kyk paragraaf 2.10), voldoen.

6.5.7.2 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse deur die Buro en in medewerking met ander instansies aangebied

Ter illustrasie van die doel met voortgesette onderwys (kyk paragraaf 6.5.2) en die taakstelling van die Buro (kyk paragraaf 6.5.4) kan voortge= sette onderwyskursusse in drie hoofgroepe verdeel word, naamlik kort opknappings- of indiensopleidingskursusse vir die professiebeoefenaar, algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse (waarby kursusse om in ad hoc-behoeftes te voorsien, byvoorbeeld vryetydsaktiwiteite) ingesluit is (kyk paragraaf 1.1), en 'n brug- of inskakelingskursus vir eerstejaar= studente:

* Kursusse vir die professiebeoefenaar

- *Kleinsakekonsultasiekursus:*

  Die kursus is bedoel vir voornemende en praktiserende kleinsake= konsultante (as toelatingsvereiste word 'n baccalaureusgraad of die ekwivalent daarvan vereis), en het ten doel om kleinsakekon= sultante op te lei. Dit is 'n praktiese kursus wat oor 10 dae strek. Die kursus is as deel van Somerskool 1984 deur die Advies= buro vir Kleinsakeondernemings aangebied (kyk ook paragraaf 6.5.9)

- *Die museum vandag: kommunikasie met die gemeenskap*:

  Die doel met hierdie tweedaagse kursus vir museumkundiges, wat in medewerking met die Suider-Afrikaanse Museumvereniging

aangebied is, is om die nuutste reklame- en skakeltegnieke wat die museum kan aanwend in sy kommunikasie met die gemeen= skap, oor te dra. Die kursus is in die vorm van lesings, groepbesprekings en besoeke aan plaaslike museums, aangebied.

- *Terapeutiese maatskaplike werk:*

  Hierdie opknappingskursus deur die departement Maatskaplike Werk vir geregistreerde maatskaplike werkers aangebied, het ten doel om die nuutste terapeutiese tegnieke aan kursusgangers oor te dra. In die kursus wat oor drie dae aangebied is, is van werkseminare waarin elke kursusganger deelneem as meto= de gebruik gemaak.

- *'n Kort kursus in kinderbiblioteekwerk:*

  Die kursus aangebied deur die Instituut vir Navorsing in Kinder= lektuur, dien as 'n opknappingskursus vir praktiserende kinder= bibliotekarisse en is oor vyf kursusdae aangebied. Benewens verskeie voorlesings en besprekings oor aspekte van die kinder= biblioteek (byvoorbeeld reklame, beplanning, boekekeuring en bepaling van leesbehoeftes) is praktiese sessies ook ingepas.

- *Verbeter u kommunikasievaardighede:*

  Hierdie kursus oor twee dae, en aangebied deur die departement Kommunikasiekunde, is bedoel vir diegene wat in die uitvoering van hulle professie dikwels kommunikeer, byvoorbeeld predikante, sakemanne en openbarebetrekkingeamptenare. Die doel met die kursus is om kommunikasievaardighede te verbeter. Teoretiese aspekte wat behandel is sluit in kommunikasietegnieke en -teorie, die oordra van betekenis en nie-verbale kommunikasie. Hierdie teorie is in praktiese sessies oor openbare redevoering, groepkommunikasie en kommunikasie in die huwelik, toegepas. Voorts word van video-opnames van kursusgangers gebruik gemaak om bepaalde aspekte te illustreer.

- *Die bestuurder en die rekenaar.*
- *Sterwensbegeleiding:* 'n Indiensopleidingskursus vir predikante, geneeshere, verpleegkundiges en maatskaplike werkers.
- *Baba, Peuter en Kleuter:* 'n Opknappingskursus vir verpleegkundiges en kleuterskoolpersoneel.
- *Konseptuele model vir 'n plaaslike bestuurinligtingstelsel:* 'n Eendaagse kursus vir stadstesouriers, rekenmeesters, afdelingshoofde en raadslede van plaaslike owerhede.
- *Verpleegkunde: Kurrikulering, en Verpleegkunde: Kurrikulering op mikrovlak:* Twee opknappingskursusse deur die departement Verpleegkunde in medewerking met die Transvaalse Departement Hospitaaldienste aangebied.
- *Kort kursus in Nematologie:* 'n Residensiële kursus oor drie weke deur die departement Dierkunde in medewerking met die Nematologievereniging van Suid-Afrika en die Landbouchemikalieëvereniging van Suid-Afrika vir dierkundiges, voorligtingsbeamptes, laboratoriumtegnici en -assistente, aangebied.
- *'n Werkswinkel in praktiese trustreg:* 'n Tweedaagse kursus vir rekenmeesters, prokureurs en trustbeamptes.
- *Loopbaanontwikkeling:* 'n Eendaagse kursus vir studente- en skolevoorligters (PU vir CHO, 1984(a):13-46; vergelyk ook PU vir CHO, 1984(d):Bylae A; PU vir CHO, 1984(b):1-4).

* Algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse

- *Boedelbeplanning: 'n Leefwyse:*
  Dié kursus vir die algemene publiek is oor twee dae in die vorm van lesings, besprekings en praktiese voorbeelde aangebied. Die doel met die kursus is om kennis oor die genieting en beter benutting van bates en die sinvolle beskikking daaroor, aan die publiek oor te dra.
- *"Spoken English"*: - 'n Praktiese kursus in Engels:
  Die doel met dié kursus is om gebruiksvaardighede in Engels te verbeter. Die kursus word oor 5 kursusdae aangebied en die meeste tyd word aan praktiese oefening in die leeslaboratorium gewy.

- *Die verklaring van die Ou Testament:*
  Die doel met dié eendaagse kursus is om aan nagraadse studente en alle ander belangstellendes kennis in verband met Ou Testamentiese verklarings oor te dra ten einde op 'n sinvoller wyse Bybelstudie te kan doen. Benewens lesings is praktiese oefening in Bybelstudie gedoen.

- *Skoolgereedheid: 'n Ouerkursus:*
  Dié oggendkursus, in die vorm van 'n seminaar met geleentheid vir bespreking, is vir ouers van skoolpligtige kinders aangebied. Aspekte soos die evaluering deur die ouer van die mate waarin die kind skoolgereed is en wat die primêre skool van die kind verwag, is aangebied met die doel om aan ouers die nodige kennis oor skoolgereedheid oor te dra. (Alhoewel die kursus ook deur kleuterskoolonderwysers bygewoon is, is dit nie as indiensopleiding- of opknappingskursus bekend gestel nie, maar wel as kennisverryking vir ouers van skoolpligtige kinders - JBE).

- *Rekenaarkursusse vir beginners.*

- *Seminaar oor die Wet op Huweliksgoedere, 1984.*

- Verskeie kursusse deur die departement *Huishoudkunde*, byvoorbeeld *vinnige taillering, weeftegnieke, professionele tuisgemaakte klere, kombuisbeplanning* (PU vir CHO, 1984(a):18-46; PU vir CHO, 1984(d):Bylae A).

* Brug- of inskakelingskursus vir eerstejaarstudente

Die belangrikste doel met dié kursus wat jaarliks as deel van die Somerskool van die Buro aangebied word, is om letterlik 'n "brug" of oorgang tussen sekondêre en tersiêre onderwys te vorm. Die kursus bestaan uit drie dele wat as geheel of afsonderlik geneem kan word, naamlik:

- *Inleiding tot die universiteitswese* wat deur die departement Ortopedagogiek en Voorligting aangebied word en onder meer studiemetodes, biblioteekgebruik en die samestelling van 'n kursus insluit.

- *'n Leesverbeteringskursus* wat ten doel het om leesspoed en be= grip te verbeter en wat deur die Instituut vir Psigoterapie en Voorligting aangebied word.
- *Vakgerigte kursusse* wat op die vakgroepe Geografie, Rekeningkun= de, Chemie, Fisika, Afrikaans, Engels en Ingenieurstekene gerig is. Die doel met hierdie kursusse is om die student in te lei in die wyse waarop dié vakke op universiteitsvlak aangebied word (PU vir CHO, 1984(a):5).

6.5.8 Toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering van voortgeset= te onderwys

Geen spesifieke toelatingsvereistes word vir bywoning van voortgesette onderwyskursusse gestel nie, maar uiteraard sal 'n voorafkwalifikasie vir sommige kursusse vir die professiebeoefenaar noodsaaklik wees, byvoor= beeld kursusse vir geregistreerde verpleegkundiges, maatskaplike werkers, bibliotekarisse, onderwysers en prokureurs (PU vir CHO, 1984(a):1).

Ofskoon dit nie spesifiek as vereiste gestel word nie, is dit vanselfspre= kend dat kursusgangers van sekere kursusse oor 'n voorafkwalifikasie moet beskik, byvoorbeeld "Navorsing in die geesteswetenskappe" wat vir na- graadse studente bedoel is (PU vir CHO, 1984(a):11).

Alle voortgesette onderwyskursusse is vir lede van enige bevolkingsgroep toeganklik (PU vir CHO, 1983(b):1).

Slegs in enkele gevalle word werklike eksamens afgelê, byvoorbeeld die jaarlikse kort kursus in Nematologie (kyk paragraaf 6.5.7.2) in welke geval 'n sertifikaat van verdienste uitgereik word. Dit is egter gebruik= lik dat vir die meeste kursusse bywoningsertifikate uitgereik word.

6.5.9 Ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die PU vir CHO

Benewens die ongeveer 45 voortgesette onderwyskursusse (kyk paragraaf 6.5.7.2) wat jaarliks deur die Buro in medewerking met individue, depar= temente, buro's en institute aangebied word, word voortgesette onderwys oor 'n wye spektrum ook onafhanklik van die Buro deur departemente, buro's en institute aangebied. Die volgende voorbeelde* word ter illustrasie vermeld:

* Adviesburo vir Kleinsakeondernemings (ABKS)

Die primêre doelstelling van die ABKS is om die kleinsakeman van Suid-Afrika tot diens te wees. Hierdie diens sluit onder meer konsultasiediens,, kursusse en seminare in. Gedurende 1984 is 107 kursusse landwyd aangebied en deur 3505 kursusgangers bygewoon. Voorbeelde* van sodanige kursusse is: *Algemene bestuur, Finansiële bestuur, Bemarkingsbestuur, Klanteverhoudings en Verkooptegnieke* (ABKS, 1984:5-8).

* Die SA Instituut vir Koöperasies (SAIKO)

SAIKO is 'n instituut sonder winsmotief aan die PU vir CHO wat die bevordering van 'n gesonde, doeltreffende en gebalanseerde koöperatiewe struktuur in Suid-Afrika ten doel het. Gedurende 1983 het SAIKO onder die beskerming van die SA Landbou-Unie 77 kursusse wat uit 194 kursusmodules bestaan by 31 verskillende sentra in die RSA en SWA-Namibië aangebied. Hierdie opleidingsaksie het oor 'n tydperk van 357 kursusdae geskied en ongeveer 165 koöperasies het van die diens van SAIKO gebruik gemaak. Voorbeelde van sodanige kursusse is onder meer: *Direkteurskursus (4 dele), Bemarkingskursus vir handelstakbestuurders, Verkoopkursus vir toonbankassistente en Koöperatiewe oriënteringskursus* (SAIKO, 1983:2-6).

* Buro vir Boedelbeplanning

Die Buro vir Boedelbeplanning funksioneer binne die fakulteit Regte en het benewens 'n konsultasie- en navorsingstaak ook 'n onderrigtaak wat by wyse van kursusse, lesings en seminare uitgevoer word. Gedurende die tydperk 1 Januarie tot 30 September 1984 is 28 seminare, lesings, kursusse en toesprake op die kampus van die universiteit en op 21 ander sentra aangebied en deur

---

* Artikel 2.4 van die reglement van die Buro vir Voortgesette Onderwys bepaal dat 'n "register" van alle voortgesette onderwysaktiwiteite wat deur die universiteit aangebied word bygehou moet word (PU vir CHO, 1983(b):2). Inligting vir dié "register" is deur middel van 'n vraagskedule aan departemente, buro's en institute bekom (kyk ook paragraaf 6.5.10).

826 persone bygewoon (PU vir CHO, 1984(e):1-6).

* Instituut vir Bestuursontwikkeling

  Die Instituut funksioneer binne die Nagraadse Skool vir Bestuurswese en is op die Vaaldriehoekkampus van die universiteit gesetel. Gedurende 1983 is die volgende nie-formele opleidingsgeleenthede as onderdeel van die opleiding van die Nagraadse Skool vir Bestuurswese aangebied: *Kursus in selfontwikkeling; kursusse in onderhoudvoering; kursus in konflikbestuur; goudsimposium; kursus in entrepreneurskap* (Nagraadse Skool vir Bestuurswese, 1985:10; vergelyk ook PU vir CHO, 1983(a):2).

6.5.10 Evaluering

Dit kan met sekerheid gestel word dat voortgesette onderwys aan die PU vir CHO wel goeie aandag ontvang met inagneming van:

* die universiteit se besondere eie aard en karakter, naamlik dat dit 'n Christelik-Afrikaanse universiteit is met die roeping om wetenskapsbeoefening deur onderrig en navorsing en ook gemeenskapsdiens in die Lig van die Woord van God te doen (kyk paragrawe 6.2 en 6.3);
* sy eiesoortige kundighede wat in sy akademiese departemente, buro's en institute gesetel is (kyk paragraaf 6.4);
* die feit dat dit van die weinige universiteite ter wêreld is waarvan die Christelike karakter deur wetgewing verskans is, en dit derhalwe gestel kan word dat dit 'n Christelik-Afrikaanse universiteit is primêr vir die opleiding van Christelike-Afrikaanse wetenskapsbeoefenaars;
* sy roeping om benewens formele opleiding aan sy ingeskrewe studente, ook aan sy afgestudeerdes, en die plaaslike en nasionale gemeenskap, deur middel van onder meer voortgesette onderwys, diens te lewer;
* sy roeping om, soos ander universiteite, benewens formele opleiding van professiebeoefenaars, ook deur middel van volgehoue voortgesette onderwys, 'n bydrae tot die daarstel van hoëvlakmannekrag te lewer deur die heropleiding of indiensopleiding van professiebeoefenaars;

* die feit dat die universiteit 'n plattelandse universiteit is, maar terselfdertyd deur middel van die Vaaldriehoekkampus ook 'n half-stedelike nywerheidsgemeenskap bedien;

* die Christelike beginsel van die universiteit prakties uitgevoer word deurdat die Christelike leer en lewe letterlik in al die werk van die universiteit en "... in al sy verbande", en gevolglik ook in voortgesette onderwys tot openbaring kom (kyk paragraaf 6.2) en die Buro vir Voortgesette Onderwys derhalwe ook 'n Christelik-Nasionale grondslag het (kyk paragraaf 6.5.3).

Soos ander universiteitsaktiwiteite moet die kwantiteit van voortgesette onderwys egter ook teen die agtergrond van beskikbare fisiese geriewe en mannekrag in 'n ongunstige ekonomiese klimaat wat ook inkorting, of weerhouding, van staats- en ander finansiering tot gevolg het, en waar die klem veel eerder op kwaliteit as kwantiteit val, beoordeel word.

Ten spyte van die feit dat dit enersyds gestel kan word dat voortgesette onderwys aan die PU vir CHO goeie aandag geniet, moet dit na 'n oorsig van voortgesette onderwys aan ander Suid-Afrikaanse en enkele buitelandse universiteite, andersyds gestel word dat daar duidelik *identifiseerbare leemtes* bestaan waarvan onder meer die volgende vermeld kan word (kyk ook paragraaf 7.5):

* Daar is tans nog nie sprake van navorsing oor voortgesette onderwys nie terwyl dit wel as een van die take van die Buro vir Voortgesette Onderwys gestel word. Dit dien egter vermeld te word dat die eerste paar jaar vir die Buro vestigingsjare was, en in 'n sekere sin steeds is vanweë onder meer, onkunde wat by sommige departemente aan die universiteit oor die bestaan en doel van die Buro bestaan:

* In die raamwerk van die algemeen-geldende omskrywing van voortgesette onderwys, naamlik dat dit onder meer deur indiensopleidings- en opknappingskursusse periodiek aan die professiebeoefenaar die geleentheid tot kennisopknapping bied (kyk paragraaf 1.1), kan dit gestel word dat aan (byvoorbeeld) die volgende professiebeoefenaars tans nog weinig of geen voortgesette onderwysgeleent-

hede gebied word nie: regsgeleerdes (uitgesonderd die opleidings= geleenthede van die Buro vir Boedelbeplanning); onderwysers (met insluiting van anderkleurige onderwysers); kliniese sielkundiges en bedryfsosioloë.

* Ten spyte van die gemeenskapsdienstaak van die universiteit en die omvang van die landbou en mynwese in die voedingsgebied van die universiteit, word tans nog weinig of geen aandag aan voortge= sette onderwys in dié verband gegee nie. Met die beskrywing van voortgesette onderwys voorts voor oë, kan byvoorbeeld aan boerderybestuur, personeelbestuur, die moontlikhede en gebruike van die rekenaar in plaasbestuur en die opleiding van opleiers aandag gegee word.

* 'n Laaste terrein vir die voorsiening van voortgesette onderwys wat tans nog braak lê en wat hier vermeld moet word, is samewerking met professionele rade in die aanbieding van onknappings- of in= diensopleidingsgeleenthede vir professiebeoefenaars (kyk ook para= graaf 1.1), byvoorbeeld regsgeleerdes, rekenmeesters, aptekers, medici en ingenieurs.

Voorts kan daar ook uit die oorsig van voortgesette onderwys aan Suid-Afrikaanse en buitelandse universiteite enkele elemente vir oorweging en moontlike implementering in die PU vir CHO se voortgesette onderwys= voorsiening geïdentifiseer word, naamlik (kyk ook paragraaf 7.5):

* Beter skakeling tussen die Buro vir Voortgesette Onderwys en die akademiese departemente kan bewerkstellig word as die Direkteur lid van elke fakulteitsraad kan wees in plaas van die huidige stelsel van fakulteitskomitees vir voortgesette onderwys wat nie na behore funksioneer nie, omdat hulle nie gereeld vergader nie. Omdat departemente egter wel versoeke vir die aanbieding van voortgesette onderwyskursusse aan die Buro vir Voortgesette Onderwys rig, kan die afleiding gemaak word dat daar inderdaad 'n behoefte bestaan wat nie deur fakulteitskomitees aan die Buro oorgedra word nie. Beter skakeling sal verseker dat alle behoeftes aan voortgesette onderwys wel die nodige aandag geniet.

* Nouer skakeling tussen die Buro vir Voortgesette Onderwys en die handel en nywerheid kan daartoe lei dat dié instansies die universiteit kan versoek, om na gelang van geïdentifiseerde be= hoeftes, voortgesette onderwyskursusse, dit wil sê indiensoplei= dingsgeleenthede en algemeenvormende programme, aan te bied.

* Te midde van snelle tegnologiese ontwikkelings op alle gebiede kan oorweging aan voortgesette onderwyskursusse, of dele van kursusse (byvoorbeeld tale en wiskunde) deur middel van oudio- en video-kasette gegee word. Hierdeur sal aan meer persone, en spesifiek dié wat vanweë werks- en geografiese omstandighede nie kursusse aan die universiteit kan bywoon nie, die geleentheid tot kennisverwerwing gebied word.

* Gedesentraliseerde voortgesette onderwys behoort in groter mate as tans (byvoorbeeld die kursusse in ander sentra aangebied deur die ABKS, SAIKO, Instituut vir die Suid-Afrikaanse Plaaslike Pers en die Buro vir Boedelbeplanning) in werking gestel te word. Die universiteit behoort derhalwe in groter mate na die gemeenskap te gaan.

* Die moontlikheid van samewerking met ander universiteite in die aanbieding van voortgesette onderwyskursusse behoort oorweeg te word (byvoorbeeld die samewerking tussen die universiteite van Stellenbosch, Kaapstad en Pretoria in die aanbieding van 'n voortgesette onderwyskursus vir ingenieurs; kyk paragraaf 5.7.5). Deur sodanige samewerking kan dienste wat tans teen 'n hoë koste gedupliseer word, moontlik uitgeskakel word. Die relatiewe af= gesonderdheid van die kampus van die PU vir CHO mag in dié verband moontlik 'n belemmerende faktor wees, maar andersyds is dit so dat die Vaaldriehoekkampus goedskiks ook vir dié doel benut kan word.

* Oorweging behoort verleen te word aan die implementering van koöperatiewe opleiding (kyk paragraaf 2.8.3: "Sandwich courses") vir meer studierigtings as wat tans die geval is (byvoorbeeld verpleegopleiding). Dié vorm van opleiding kan in groter mate vir opleiding van byvoorbeeld ingenieurs, onderwysers en regsge= leerdes in werking gestel word.

* Die motiewe van volwassenes vir deelname aan voortgesette onderwys=kursusse is in sigself 'n veld vir verdere studie en navorsing. Dit blyk dikwels dat die "minder akademies gerigte" en meer alge=meenvormende kursus (byvoorbeeld "verbeter u kommunikasievaardig=hede" en kursusse om in ad hoc-behoeftes aan kennis oor bepaalde aangeleenthede te voorsien, byvoorbeeld die kursusse van die departement Huishoudkunde) veel beter ondersteuning geniet as "meer akademies-gerigte" kursusse, byvoorbeeld "politieke oriën=tering."
* Met inagneming van moontlike wetlike en finansiële implikasies behoort oorweging ook gegee te word aan voortgesette onderwys by wyse van korrespondensiekursusse. Benewens die feit dat voort=gesette onderwysgeleenthede deur 'n korrespondensiekursus binne die bereik van dié persoon wat om een of ander rede nie 'n kursus aan die universiteit kan bywoon nie, geplaas kan word, kan die Christelike boodskap van die universiteit deur middel van spesi=fieke kursusse oor (byvoorbeeld) Christelike wetenskapsbeoefening, uitgedra word.
* Met inagneming van die huidige ekonomiese klimaat en besparings=maatreëls op haas alle gebiede, behoort voortgesette onderwys=aanbiedings aan universiteite op een of ander wyse staatsubsidië=ring te ontvang. 'n Soortgelyke formule as dié wat in gebruik is vir die subsidiëring van universiteite as sodanig, kan waar=skynlik vir voortgesette onderwys spesifiek ontwerp word.

6.5.11 Samevatting

In die voorafgaande hoofstuk is 'n oorsig gegee oor die ontstaan en ontwik=keling van die PU vir CHO uit die Teologiese Skool wat in 1869 te Burgers=dorp gestig, en in 1904 na Potchefstroom oorgeplaas is. Daar is gewys dat, ofskoon die Teologiese Skool primêr vir die opleiding van predikante daargestel is, daar ook heel van die begin af ander vakke onderrig is, en ook onder meer onderwysers opgelei is.

Voorts is die beginsel, eie aard en die karakter van die PU vir CHO, asook sy eiesoortige kundighede, in oënskou geneem.

'n Oorsig oor die instelling van die Buro vir Voortgesette Onderwys, die funksionering van die Buro, die taak, doel en voorbeelde van voortgesette onderwysaanbiedings van die Buro, asook 'n blik oor ander voortgesette onderwysaanbiedings aan die universiteit, het hierna onder die soeklig gekom.

Ten slotte is die voortgesette onderwysaanbiedings van die universiteit geëvalueer en is enkele moontlike aanbevelings gedoen.

Die navorsing het nou die stadium bereik waar al die hipoteses (kyk 1.4) in oënskou geneem is. In hoofstuk 2 is die aard, wese en struktuur van voortgesette onderwys in behandeling geneem; die universiteitstaak met besondere verwysing na die voorsiening van voortgesette onderwys is in hoofstuk 3 uiteengesit terwyl die voorsiening van voortgesette onderwys aan enkele buitelandse en Suid-Afrikaanse universiteite, en ook aan die PU vir CHO, onderskeidelik in hoofstukke 4, 5 en 6 onder die loep geneem is. In die volgende hoofstuk moet tot bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings geraak word.